

## Almal in die kamp moet rein wees

Num 5:1-15, 29-31

25 April 2021

1. Tot dusver: Die Verbondsgod is die middelpunt van die kamp en die optog as die volk trek. Hy is absoluut heilig. Die volk, en dus die kerk, moet die Here aanbid en toetree tot die stryd om die beloofde land, dus die realisering van Sy koninkryk.
2. Stuur die onreines uit die kamp (Num 5:1-4)
  - a. Opdrag kom van die Here af
  - b. Drie groepe van onreinheid: velsiektes, vloeiing, kontak met 'n lyk
  - c. Opdrag: Al die mense wat onrein is, moet weggestuur word
  - d. Motivering: sodat die kamp waar God onder hulle woon, nie verontreinig word nie
  - e. Is dit nie onnodig hard nie? Vergelyk met Jesus se optrede: Mark 1:40-43, Luk 8:43 ev, Luk 7:11 ev
  - f. Nuwe verwantskap tussen God se genade en oordeel: Sy oordeel om onreines weg te stuur is genade, want dit voorkom verdere oordeel
  - g. Nuwe Testamentiese perspektief: 1 Kor 5:1-2, 2 Tess 3:14, Titus 3:10, 2 Kor 6:14-18
  - h. Vêrdere genade: Jesus het juis gekom om melaatses en die met vloeiing gesond te maak, en dooies op te wek – hulle te reinig van hulle onreinheid
  - i. Die kerk moet verstaan: Die heiligheid van God en die reinheid van die gemeente is 'n hoër prioriteit as die gevoelens van 'n individu wat die heiligheid van God en die reinheid van die gemeente bedreig
3. Herstel benadeeldes (Num 5:5-10)
  - a. Opdrag kom van die Here af
  - b. Meer agtergrond in Lev 6:1-7 – medemens benadeel deur onverantwoordelike omgang met sy materiële besittings
  - c. Sonde is teen medemens, en ook teen God
  - d. Opdrag: Sondebelydenis (teenoor God en medemens) en herstel (restitusie)
  - e. Nuwe Testamentiese perspektief: Mat 5:23-24, Luk 19:8
4. Agterdog (Num 5:11-31)
  - a. Opdrag kom van die Here af
  - b. Man agterdogtig oor die getrouheid van sy vrou – geen konkrete bewyse of getuies nie, maar tog wel agterdogtig
  - c. Opdrag: Prosedure waar vrou voor priester/God geplaas word – indien sy skuldig is, sal sy onvrugbaar word, indien sy onskuldig is, sal sy kinders baar
  - d. Doel: spreek die man se agterdog aan, sodat hy sekerheid kan hê
5. Samevatting
  - a. Doel van die drie voorskrifte:
    - i. Verwydering van onreinheid – voorkom verspreiding van onreinheid in die kamp, en voorkom God se oordeel oor die volk
    - ii. Herstel benadeeldes – voorkom onderlinge spanning tussen medevolksgenote, en ook tussen God en die volk
    - iii. Oplos van agterdog – voorkom dat individu se persoonlike aandag afgetrek word
  - b. Suksesvolle implementering verseker dat die volk kan fokus op hulle twee fokusareas: aanbidding van God en die stryd om die beloofde land
  - c. Voorbeeld en waarskuwing vir die kerk in die laaste dae